# 25 Augustus 2023 - Lesing 109 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Aan die deemoedige skenk God Sy genade **–** 14/3/59

**NO: 7308 Die wil om diensbaar te wees**, is om die deemoed binne te gaan, dit is die begin van die oorwinning in die **stryd teen die verwaandheid** wat die mens nog kenmerk as kind van Satan en wat hy daarom met alle mag moet bestry.

Die arrogansie wil heers; dit plaas haarself hoog bo alles wat langs haar staan, die hoogmoedige mens sou alles wil onderwerp en dwing om aan hom diensbaar te wees, die hoogmoedige mens is **meedoënloos en liefdeloos,** hy het al die kenmerke van die teenstander van God, wat duidelik aan die lig kom en daarom is hy op die weg na die verderf, indien hy nie verander en ernstig teen die gees van hoogmoed ingaan nie.

**En dit sal hy doen sodra die wil in hom ontstaan om diensbaar te wees**. Om sy medemens te dien sal werklik bevrydend wees, want dan wring hy homself los van die teenstander **en gaan hy 'n ander sfeer binne**, want die deemoed voer hom na God, deur die deemoed kom hy nader aan God en hy ontvang genade in oormaat volgens Sy belofte: "**Slegs** aan die deemoedige skenk Ek My genade".

Die deemoed sal homself steeds bewys in die wil om **dienend te help** en die mens sal 'n volledige ander stadium van ontwikkeling binnegaan, wanneer hy in deemoed leef, wanneer hy elke gevoel van verwaand-heid bestry, wanneer hy begin om homself te deursien en hy self bewus word van die swakheid van sy wil en sy foute, wat hom van elke hoogmoedige eiewaan sal ontneem en hom verplaas tot in die bewussyn van die diepste nederigheid.

En daarmee in ooreenstemming sal hy homself ver van God verwyderd waan, hy sal in waaragtige deemoed **sy oë na Hom opslaan en Hom om Sy genade vra**. Maar dit sal geen spel wees nie, geen uiterlike vormgodsdiens nie, maar slegs diepe innerlike deemoed, wat hom daardeur ook waardig sal maak om die genade van God te ontvang, sodat hy versterk kan word in sy voorneme om **aan homself te werk, om sy onvolmaaktheid op te hef** en in die Liefde en genade van God waardiger te word, - waarna 'n deemoedige mens vurig verlang en wat hy van harte afbid.

Die deemoedige mens het reeds sy afkeer van die teenstander voltooi, want **die deemoed is 'n goddelike eienskap,** 'n graad van volmaaktheid, wat steeds die afkeer van die teenstander vereis; hoewel die mens dan nog baie aan homself moet werk om die voortdurende aanwesigheid van God waardig te word.

Maar die dienende liefde wat 'n deemoedige mens nou vervul, verander ook spoedig sy hele wese tot liefde en 'n waaragtige deemoedige mens kom spoedig so naby aan die hart van die Vader, dat hy homself verenig met die ewige Liefde en sal hy dus ook die voltooiing bereik.

Solank dit die mens nog aan ware deemoed ontbreek, is sy rypwordings-proses ook nog nie voltooi nie, want die ware deemoed trek eers die Vader met sekerheid na Sy kind wat deur ware deemoed die kindskap van God laat sien. En solank daar nog 'n vonkie hoogmoed in die mens aanwesig is, is die weg tot hierdie vereniging nog lank, want die hele tyd is die teenstander van God nog steeds hierby betrokke en die stryd teen hom moet met die hele wil en 'n vaste voorneme gevoer word en dit kan ook gevoer word sodra die mens na 'n innerlike stryd **tot dienende naasteliefde kom,** wat hom dan ook die oorwinning sal oplewer oor homself.

Die mens moet net eers in homself keer en nadink oor sy foute en swakhede, oor sy slegte eienskappe en gewoontes. En hy sal homself in 'n groot mate van sy hoogmoed vrymaak, **wanneer hy maar eerlik sal wees teenoor homself.**

Maar hierdie kritiese selfbeskouing kan vir hom 'n ommekeer wees, want sodra hy homself ondersoek het en van goeie wil is, sal hy homself in deemoed tot God wend en Hom vra om genade en erbarming, waarvan hy dan ook baie seker van kan wees, want: "Aan die deemoedige skenk God Sy genade!" Amein.